REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 586 Cape Town, Kaapstad, 7 April 2014 No. 37537

## THE PRESIDENCY

No. 267 7 April 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 2 of 2014: Independent Communications Authority of South Africa Amendment Act, 2014**

## DIE PRESIDENSIE

No. 267 7 April 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 2 van 2014: Wysigingswet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika, 2014**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 3 April 2014)*

# ACT

**To amend the Independent Communications Authority of South Africa Act, 2000, so as to insert new, amend existing and repeal obsolete, definitions; to provide for further clarity on the powers and duties of the Authority; to introduce mechanisms to ensure the accountability of the Authority, including that of councillors and committees; and to confirm the use of electronic communications networks and services for the purpose of electronic transactions; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 13 of 2000, as amended by section 2 of Act 3 of 2006**

**1.** Section 1 of the Independent Communications Authority of South Africa Act, 2000 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of "Authority" of the following definition:
" **'broad-based black economic empowerment'** has the meaning assigned to it in the Broad-Based Black Economic Empowerment Act, 2003 (Act No. 53 of 2003);".

*(b)* by the insertion after the definition of "Broadcasting Act" of the following definitions:
" **'Competition Act'** means the Competition Act, 1998 (Act No. 89 of 1998);
**'Competition Commission'** means the Competition Commission established in terms of section 19 of the Competition Act;";

*(c)* by the insertion after the definition of "Complaints and Compliance Committee" of the following definitions:
" **'concurrent jurisdiction agreement'** means a concurrent jurisdiction agreement concluded in terms of section 4(3A)*(b)*;
**'Constitution'** means the Constitution of the Republic of South Africa, 1996;";

*(d)* by the insertion after the definition of "Council" of the following definition:
" **'days'** means working days unless otherwise specified;";

*(e)* by the substitution for the definition of "Electronic Communications Act" of the following definition:
" **'Electronic Communications Act'** means **[an Act of Parliament providing for convergence in the broadcasting, broadcasting signal distribution and telecommunications sectors]** the Electronic Communications Act, 2005 (Act No. 36 of 2005);";

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ________ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

---

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 3 April 2014)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika, 2000, ten einde nuwe omskrywings in te voeg, bestaande omskrywings te wysig en uitgediende omskrywings te skrap; voorsiening te maak vir verdere duidelikheid oor die bevoegdhede en pligte van die Owerheid; meganismes in te bring om die aanspreeklikheid van die Owerheid te verseker, met inbegrip van dié van die raadslede en komitees; en die gebruik van elektroniese kommunikasienetwerke en dienste vir elektroniese transaksies te bevestig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 13 van 2000, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 3 van 2006**

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika, 2000 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende omskrywings voor die omskrywing van "gesinslid" in te voeg:

" **'beleidsvoorskrifte'** beleidsvoorskrifte uitgereik ingevolge artikel 3(1A), 3(2) of beoog in artikel 81(1) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie of ingevolge artikel 2A(2) van die Posdienstewet;
**breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging'** dit wat in die 'Broad-Based Black Economic Empowerment Act, 2003' (Wet No. 53 van 2003), daaraan toegeskryf word;
**'dae'** werksdae tensy anders vermeld;";
**'elektroniese transaksie'** dit wat in die Wet op Elektroniese Transaksies daaraan toegeskryf word;

*(b)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "gesinslid" in te voeg:

" **'Grondwet'** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;";

*(c)* deur die volgende omskrywings voor die omskrywing van "Minister" in te voeg:

" **'konkurrente regsbevoegdheidsooreenkoms'** 'n konkurrente regsbevoegdheidsooreenkoms ingevolge artikel 4(3A)*(b)* aangegaan;
**'lisensiehouer'** dit wat in artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie daaraan toegeskryf word en ook, soos deur die samehang

*(f)* by the insertion after the definition of "Electronic Communications Act" of the following definitions:

" **'electronic transaction'** has the meaning assigned to it in the Electronic Transactions Act;

**'Electronic Transactions Act'** means the Electronic Communications and Transactions Act, 2002 (Act No. 25 of 2002);";

*(g)* by the deletion of the definition of "former authorities";

*(h)* by the insertion before the definition of "Minister" of the following definitions:

" **'licence exemption'** has the meaning assigned to it in section 1 of the Electronic Communications Act;

**'licensee'** has the meaning assigned to it in section 1 of the Electronic Communications Act, and includes, as required by the context, a person granted a licence exemption in terms of section 6 of that Act;";

*(i)* by the insertion after "National Revenue Fund" of the following definition:

" **'policy directions'** means policy directions issued in terms of section 3(1A), 3(2) or contemplated in 81(1) of the Electronic Communications Act or in terms section 2A(2) of the Postal Services Act;"; and

*(j)* by the deletion of the definition of "Telecommunications Act".

**Amendment of section 3 of Act 13 of 2000, as amended by section 4 of Act 3 of 2006**

**2.** Section 3 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(5) A person affected by any action, finding or decision of the Authority may apply to a court with competent jurisdiction for review of that action, finding or decision.".

**Amendment of section 4 of Act 13 of 2000, as substituted by section 5 of Act 3 of 2006**

**3.** Section 4 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* must exercise the powers and perform the duties conferred and imposed upon it by this Act, the underlying statutes and **[by]** any other applicable law;";

*(b)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Without derogating from the generality of **[subsection]** subsections (1) and (2), the Authority—";

*(c)* by the substitution in subsection (3) for paragraphs *(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)* and *(e)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* may make recommendations to the Minister on policy matters and amendments to this Act and the underlying statutes which accord with the objects of this Act and the underlying statutes to promote development in the broadcasting, electronic transactions, postal and electronic communications sectors;

*(b)* must monitor the broadcasting, postal and electronic communications **[sector]** sectors to ensure compliance with this Act and the underlying statutes;

*(c)* must **[manage]** control, plan, administer and manage the use and licensing of the radio frequency spectrum in accordance with bilateral agreements or international treaties entered into by the Republic;

*(d)* must develop, monitor and enforce compliance with licence conditions and regulations consistent with the objects of this Act and the underlying statutes for different categories of licences;

*(e)* **[must]** may grant, renew, amend, transfer and revoke licenses in accordance with the provisions of this Act and the underlying statutes;";

vereis, 'n persoon aan wie 'n lisensievrystelling ingevolge artikel 6 van daardie Wet toegestaan is;

**'lisensievrystelling'** dit wat in artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie daaraan toegeskryf word;

**'Mededingingskommissie'** die Mededingingskommissie ingestel ingevolge van artikel 19 van die Wet op Mededinging;";

*(d)* deur die omskrywing van "Telekommunikasiewet" te skrap.

*(e)* deur die omskrywing van "voormalige owerhede" te skrap;

*(f)* deur die omskrywing van "Wet op Elektroniese Kommunikasie" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'Wet op Elektroniese Kommunikasie' ['n Wet van die Parlement wat voorsiening maak vir konvergensie in die uitsaai-, uitsaaiseinverspreidings- en telekommunikasiesektore]** die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet No. 36 van 2005);"; en

*(g)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van "Wet op Elektroniese Kommunikasie" in te voeg:

" **'Wet op Elektroniese Transaksies'** die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002);

**'Wet op Mededinging'** die Wet op Mededinging, 1998 (Wet No. 89 van 1998);".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 13 van 2000, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 3 van 2006**

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) 'n Persoon deur enige handeling, bevinding of beslissing van die Owerheid geraak, kan by 'n hof met regsbevoegdheid aansoek doen om 'n hersiening van daardie handeling, bevinding of beslissing.".

**Wysiging van artikel 4 van Wet 13 van 2000, soos vervang deur artikel 5 van Wet 3 van 2006**

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* moet die bevoegdhede uitoefen en die pligte uitvoer wat by of kragtens hierdie Wet, die onderliggende wette en **[by]** enige ander toepaslike wet aan hom verleen en opgelê is;";

*(b)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Owerheid, sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van **[subartikel]** subartikels (1) en (2)—";

*(c)* deur paragrawe *(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)* en *(e)* in subartikel (3) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* kan aan die Minister aanbevelings doen oor beleidsaangeleenthede en wysigings aan hierdie Wet en die onderliggende wette wat ooreenstem met die oogmerke van hierdie Wet en die onderliggende wette om ontwikkeling in die uitsaai-, elektroniese transaksie-, pos- en elektroniese kommunikasiesektore te bevorder;

*(b)* moet die uitsaai-, pos- en elektroniese **[kommunikasiesektor]** kommunikasiesektore moniteer om nakoming van hierdie Wet en die onderliggende wette te verseker;

*(c)* moet die gebruik en lisensiëring van radiofrekwensiespektrum **[bestuur]** beheer, beplan, administreer en bestuur ooreenkomstig bilaterale ooreenkomste of internasionale verdrae wat deur die Republiek gesluit is;

*(d)* moet nakoming van lisensievoorwaardes en regulasies ontwikkel, monitor en afdwing in ooreenstemming met die oogmerke van hierdie Wet en die onderliggende wetgewing vir verskillende kategorieë lisensies;

*(e)* **[moet]** kan lisensies toestaan, hernu, wysig, oordra en intrek ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet en die onderliggende wette;";

*(d)* by the substitution in subsection (3) for paragraph *(h)* of the following paragraph:

"*(h)* may conduct research on all matters affecting the broadcasting, electronic transactions, postal and electronic communications sectors in order to exercise its power and perform its duties;";

*(e)* by the substitution in subsection (3) for paragraphs *(k)* and *(l)* of the following paragraphs, respectively:

"*(k)* may make regulations on empowerment requirements **[in terms of Broad-Based Black Economic Empowerment Act, 2003 (Act No. 53 of 2003)]** to promote broad-based black economic empowerment;

*(l)* may inspect **[transmitters or other]** electronic communications apparatus used for electronic communications;";

*(f)* by the substitution in subsection (3) for paragraph *(n)* of the following paragraph:

"*(n)* must investigate and adjudicate complaints submitted to the Authority in terms of this Act, the underlying statutes, and licence conditions;";

*(g)* by the addition to subsection (3) of the following paragraphs:

"*(o)* may make recommendations to the Minister on matters dealt with or to be dealt with in the Electronic Transactions Act;

*(p)* except where section 74(1) of the Electronic Communications Act applies, must determine a penalty or remedy that may be appropriate for any offence of contravening any regulation or licence condition, as the case may be, contemplated in this Act or the underlying statutes, taking into account section 17H; and

*(q)* must exercise the powers and perform the duties of the Authority in terms of the Postal Services Act.";

*(h)* by the insertion after subsection (3) of the following subsections:

"(3A) The Authority, in exercising its powers and performing its duties—

*(a)* must consider policy made, and policy directions issued, by the Minister in terms of this Act, the underlying statutes and any other applicable law; and

*(b)* may conclude a concurrent jurisdiction agreement with any relevant authority or institution and must, at least once every three years, where necessary, review and revise the agreement by agreement with the authority or institution in question.";

*(i)* by the substitution in subsection (4) for paragraphs *(f)* and *(g)* of the following paragraphs, respectively:

"*(f)* The power to grant, renew, amend, revoke or transfer any individual licence may **[only]** not be delegated to a councillor or to a committee of the Council.

*(g)* Notwithstanding the provisions of this section, any councillor or committee delegated with **[the]** any power **[to grant, amend, revoke, transfer or renew a licence]** or duty of the Authority in terms of this Act, subject to paragraph *(f)* or the underlying statutes, must submit a report **[its decision]** on the exercise and performance of that power and duty to the Council."; and

*(j)* by the addition to subsection (4) of the following paragraph:

"*(h)* Notwithstanding the provisions of this subsection, the Council must exercise general control over the exercise of the powers and the performance of the duties of the Authority in terms of this Act and the underlying statutes.".

**Amendment of section 4B of Act 13 of 2000, as inserted by section 6 of Act 3 of 2006**

**4.** Section 4B of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* submit written representations **[within 60 days]** on or before a date specified in the notice, which date may not be less than 45 days from the date of publication of the notice; and"; and

7

*(d)* deur paragraaf *(h)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(h)* kan navorsing doen oor alle aangeleenthede wat die uitsaai-, elektroniese transaksie-, pos- en elektroniese kommunikasiesektore raak ten einde sy bevoegdhede uit te oefen en sy pligte uit te voer;";

*(e)* deur paragrawe *(k)* en *(l)* in subartikel (3) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:
"*(k)* kan regulasies maak oor bemagtigingsvereistes **[ingevolge die 'Broad-Based Black Economic Empowerment Act, 2003' (Wet No. 53 van 2003)]** om breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging te bevorder;
*(l)* kan **[senders of ander]** elektroniese kommunikasie-apparaat wat vir elektroniese kommunikasie gebruik word, inspekteer;";

*(f)* deur paragraaf *(n)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(n)* moet klagtes ondersoek en beoordeel wat by die Owerheid ingedien is ingevolge hierdie Wet, die onderliggende wette, en lisensie-voorwaardes;";

*(g)* deur die volgende paragrawe by subartikel (3) te voeg:
"*(o)* kan aanbevelings by die Minister doen oor aangeleenthede wat in die Wet op Elektroniese Transaksies hanteer word of hanteer gaan word;
*(p)* behalwe waar artikel 74(1) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie geld, moet 'n straf of remedie bepaal wat gepas kan wees vir enige misdryf waar enige regulasie of lisensievoorwaarde, na gelang van die geval, oortree is, soos in hierdie Wet of die onderliggende wette beoog, met inagneming van artikel 17H; en
*(q)* moet die bevoegdhede en die pligte van die Owerheid ingevolge die Posdienstewet uitoefen en verrig.";

*(h)* deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:
"(3A) Die Owerheid, in die uitvoering van sy bevoegdhede en die verrigting van sy pligte—
*(a)* moet IKT-sektorbeleid gemaak en beleidsvoorskrifte uitgereik deur die Minister ingevolge hierdie Wet, die onderliggende wette en enige ander toepaslike wet in ag neem; en
*(b)* kan 'n konkurrente regsbevoegdheidsooreenkoms met enige tersaaklike owerheid of instelling aangaan en moet, ten minste een keer elke drie jaar, waar nodig, die ooreenkoms hersien en verbeter by ooreenkoms met die betrokke owerheid of instelling.";

*(i)* deur paragrawe *(f)* en *(g)* in subartikel (4) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:
"*(f)* Die bevoegdheid om 'n individuele lisensie toe te staan, te hernu, te wysig, te herroep of oor te dra, kan **[slegs]** nie gedelegeer word aan 'n raadslid of aan 'n komitee van die Raad nie.
*(g)* Ondanks die bepalings van hierdie artikel moet 'n raadslid of komitee aan wie **[die]** enige bevoegdheid of plig van die Owerheid gedelegeer is **[om 'n lisensie]** ingevolge hierdie Wet **[toe te staan, te wysig, te herroep, oor te dra of te hernu sy besluit]**, behoudens paragraaf *(f)* of die onderliggende wette, 'n verslag aan die Raad **[rapporteer]** voorlê."; en

*(j)* deur die volgende paragraaf by subartikel (4) te voeg:
"*(h)* Ondanks die bepalings van hierdie subartikel, moet die Raad algemene beheer uitoefen oor die uitoefening van die bevoegdhede en die verrigting van die pligte van die Owerheid ingevolge hierdie Wet en die onderliggende wette.".

**Wysiging van artikel 4B van Wet 13 van 2000, soos ingevoeg deur artikel 6 van Wet 3 van 2006**

**4.** Artikel 4B van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(a)* **[binne 60 dae]** op of voor 'n datum in die kennisgewing vermeld, welke datum nie minder as 45 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing mag wees nie, skriftelike vertoë te rig; en"; en

*(b)* by the addition of the following subsections:

"(7) The period provided for in subsection (2)*(a)* may be extended if an inquiry is of a complex nature or where substantial research or analysis is required by any interested person.

(8) Before the exercise and performance of any of its powers and duties in terms of this section, the Authority must—

*(a)* consider whether or not, in terms of any concurrent jurisdiction agreement concluded between the Authority and any other authority or institution, it would be appropriate to refer an inquiry to such authority or institution; or

*(b)* subject to section 67 of the Electronic Communications Act and the terms and conditions of any concurrent jurisdiction agreement concluded between the Authority and the Competition Commission, bear in mind that the Competition Commission has primary authority to detect and investigate past or current commissions of alleged prohibited practices within any industry or sector and to review mergers within any industry or sector in terms of the Competition Act.

(9) Subject to the terms and conditions of the concurrent jurisdiction agreement or unless otherwise agreed to by the Authority and the other authority or institution in question, the Authority may not take any action where a matter has already been brought to the attention of and is being dealt with by that other authority or institution.".

**Amendment of section 4C of Act 13 of 2000, as inserted by section 6 of Act 3 of 2006**

**5.** Section 4C of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Authority may, subject to section 4D and any other law governing privilege, for the purpose of an inquiry—"; and

*(b)* by the substitution in subsection (6) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Authority must, within **[180]** 90 days from the date of conclusion of the inquiry—".

**Amendment of section 5 of Act 13 of 2000, as amended by section 7 of Act 3 of 2006**

**6.** Section 5 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) **[*(a)* The chairperson must, in writing, appoint a councillor as acting chairperson to perform the functions of the chairperson in his or her absence.**

***(b)* Where the chairperson is unable to make an appointment]** In the absence of the chairperson, the remaining councillors must from their number elect an acting chairperson, who, while he or she acts, may perform all the functions of the chairperson."; and

*(b)* by the substitution in subsection (3)*(b)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

"(ii) possess suitable qualifications, expertise and experience in the fields of, amongst others, broadcasting, electronic communications and postal policy or operations, public policy development, electronic engineering, law, **[marketing, journalism, entertainment]** information technology, content in any form, consumer protection, education, economics, finance or any other relevant expertise or qualifications.".

*(b)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(7) Die tydperk in subartikel (2)*(a)* voor voorsiening gemaak, kan verleng word indien 'n ondersoek ingewikkeld is of waar wesenlike navorsing of analise deur enige belanghebbende persoon vereis word.

(8) Voor die uitoefening en verrigting van enige van sy bevoegdhede en pligte ingevolge hierdie artikel, moet die Owerheid—

*(a)* oorweeg of dit, ingevolge enige ooreenkoms ten opsigte van konkurrente regsbevoegdheid tussen die Owerheid en enige owerheid of instelling aangegaan, gepas sal wees om 'n ondersoek na sodanige owerheid of instelling te verwys, al dan nie; of

*(b)* behoudens artikel 67 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en die bedinge en voorwaardes van enige ooreenkoms ten opsigte van konkurrente regsbevoegdheid aangegaan tussen die Owerheid en die Mededingingskommissie, in gedagte hou dat die Mededingingskommissie primêre gesag het om vorige of huidige plegings van beweerde verbode praktyke in enige industrie of sektor te bespeur en daarna ondersoek in te stel en om samesmeltings in enige bedryf of sektor ingevolge die Wet op Mededinging, te hersien.

(9) Behoudens die bedinge of voorwaardes van die konkurrente regsbevoegdheidsooreenkoms of tensy andersins tussen die Owerheid en die ander betrokke owerheid of instelling ooreengekom, kan die Owerheid nie enige stappe doen waar 'n aangeleentheid reeds onder die aandag van daardie ander owerheid of instelling gebring is en deur hulle hanteer word nie.".

**Wysiging van artikel 4C van Wet 13 van 2000, soos ingevoeg deur artikel 6 van Wet 3 van 2006**

**5.** Artikel 4C van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Owerheid kan, behoudens artikel 4D en enige ander wet wat privilegie reël, vir die doeleindes van 'n ondersoek—"; en

*(b)* deur in subartikel (6) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Owerheid moet, binne **[180]** 90 dae vanaf die datum van die afsluiting van die verhoor—".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 13 van 2000, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 3 van 2006**

**6.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) **[*(a)* Die voorsitter moet 'n raadslid skriftelik as waarnemende voorsitter aanstel om die funksies van die voorsitter in sy of haar afwesigheid te verrig.**

***(b)* Waar die voorsitter nie in staat is om 'n aanstelling te maak nie,]** In die afwesigheid van die voorsitter, moet die oorblywende raadslede 'n waarnemende voorsitter uit eie geledere kies, wat terwyl hy of sy waarneem, al die werksaamhede van die voorsitter mag verrig."; en

*(b)* deur subparagraaf (ii) in subartikel (3)*(b)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) oor gepaste kwalifikasies, kundigheid en ervaring op die terreine van onder andere die uitsaai- elektroniese kommunikasie- en posbeleid of operasies, openbare beleidsontwikkeling, elektroniese ingenieurswese, die reg, **[bemarking, joernalisme, vermaak]** inligtingstegnologie, inhoud in enige vorm, verbruikersbeskerming, opvoeding, ekonomie, finansies of enige ander tersaaklike kundigheid of kwalifikasies beskik.".

**Amendment of section 6A of Act 13 of 2000, as inserted by section 9 of Act 3 of 2006**

**7.** Section 6A of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister must, in consultation with the National Assembly, establish a performance management system to monitor and evaluate the performance of the chairperson **[and other]**, councillors and the Council, individually and collectively.".

*(b)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* set appropriate key performance indicators as a yardstick for measuring performance, including, amongst others, the matters and the time periods set out in sections 4(3A), 4B(2)*(a)*, (7), (8) and (9), 4C(6), 7(7), 11A(3) and (4), 11B, 12(2) and 16(1) and (2);";

*(c)* by the deletion in subsection (2) of the word "and" at the end of paragraph *(b)*, the insertion of the expression "; and" after the word "year" in paragraph *(c)* and the addition of the following paragraph:

"*(d)* be reviewed at least once a year."; and

*(d)* by the substitution for subsections (3), (4) and (5) of the following subsections, respectively:

"(3) As soon as is practicable after the appointment of the chairperson or any other councillor a performance agreement must be concluded between the chairperson **[or]**, other councillor, the Council and the Minister.

(4) The evaluation of the performance of the chairperson **[or]**, other councillor and the Council must be conducted by a panel constituted by the Minister, in consultation with the National Assembly, for that purpose.

(5) The panel contemplated in subsection (4) must, after an evaluation of the chairperson **[or]**, other councillor and the Council, submit a report to the National Assembly for consideration.".

**Amendment of section 7 of Act 13 of 2000, as amended by section 10 of Act 3 of 2006**

**8.** Section 7 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* The chairperson may at the end of his or her term of office be re-appointed in terms of section 5 for one additional term of five years only.";

*(b)* by the substitution for subsections (4), (5) and (6) of the following subsections, respectively:

"(4) **[Despite]** Notwithstanding the provisions of subsections (1) and (2), the **[councillors remain]** chairperson or a councillor remains in office after expiry of **[their]** his or her term of office until the commencement of the term of office of **[their successors]** his or her successor, but the extended term of office may not exceed 45 days.

(5) A councillor may at the end of his or her term of office be re-appointed in terms of section 5 for one additional term of four years only.

(6) **[Every]** A councillor—

*(a)* serves in a full-time capacity to the exclusion of any other remunerative employment, occupation or office **[which is likely to—]**;

**[*a*]***(b)* must not interfere with the exercise by any **[such]** other councillor of his or her functions in terms of this Act or the underlying statutes; **[or]** and

**[*b*]***(c)* must not create a conflict of interests between **[such employment, occupation or office]** his or her other activities and his or her office as councillor."; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(7) The provisions of subsection (6) do not apply to—

*(a)* a councillor who occupies office as a member of a public interest organisation and performs concomitant tasks for which a honorarium is paid or payable;

**Wysiging van artikel 6A van Wet 13 van 2000, soos ingevoeg deur artikel 9 van Wet 3 van 2006**

**7.** Artikel 6A van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Minister moet, in oorleg met die Nasionale Vergadering, 'n prestasiebestuurstelsel instel om die prestasie van die voorsitter **[en]**, ander raadslede en die Raad, individueel en gesamentlik, te moniteer en evalueer.".

*(b)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* gepaste sleutelprestasie-aanduiders as 'n maatstaf vir prestasiemeting bepaal, met inbegrip van, onder andere, die aangeleenthede en die tydperke uiteengesit in artikels 4(3A), 4B(2)*(a)*, (7), (8) en (9), 4C(6), 7(7), 11A(3) en (4), 11B, 12(2) en 16(1) en (2);";

*(c)* deur die woord "en" aan die einde van paragraaf *(b)* in subartikel (2) te skrap, die uitdrukking "; en" na die woord "hersien" in paragraaf *(c)* in te voeg en deur die volgende paragraaf by te voeg:

"*(d)* ten minste eenkeer per jaar hersien word."; en

*(d)* deur subartikels (3), (4) en (5) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(3) So gou prakties doenlik na die aanstelling van die voorsitter of enige ander raadslid moet 'n prestasie-ooreenkoms tussen die voorsitter **[of]**, ander raadslid, die Raad en die Minister gesluit word.

(4) Die evaluering van die prestasie van die voorsitter **[of]**, ander raadslid en die Raad moet uitgevoer word deur 'n paneel wat die Minister in oorleg met die Nasionale Vergadering vir dié doel saamstel.

(5) Die paneel in subartikel (4) beoog, moet na 'n evaluasie van die voorsitter **[of]**, ander raadslid en die Raad, 'n verslag aan die Nasionale Vergadering voorlê vir oorweging.".

**Wysiging van artikel 7 van Wet 13 van 2000, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 3 van 2006**

**8.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* Die voorsitter kan ingevolge artikel 5 aan die einde van sy of haar ampstermyn weer aangestel word vir 'n enkele bykomende termyn van slegs vyf jaar.";

*(b)* deur subartikels (4), (5) en (6) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(4) Ondanks die bepalings van subartikels (1) en (2) bly die **[raadslede]** voorsitter of 'n raadslid na die verstryking van **[hul]** sy of haar ampstermyn in die amp aan tot met die aanvang van die ampstermyn van **[hul opvolgers]** sy of haar opvolger, maar die verlengde ampstermyn mag nie 45 dae te bowe gaan nie.

(5) 'n Raadslid kan aan die einde van sy of haar ampstermyn ingevolge artikel 5 heraangestel word vir 'n enkele bykomende termyn van slegs vier jaar.

(6) **[Elke raadslid]** 'n Raadslid—

*(a)* dien in 'n heeltydse hoedanigheid ter uitsluiting van enige ander besoldigde werk, beroep of amp **[wat waarskynlik—]**;

**[a]***(b)* moet nie met die uitoefening deur **[so]** 'n ander raadslid van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet of die onderliggende wette **[sal]** inmeng nie; **[of]** en

**[b]***(c)* moet nie 'n botsing van belange tussen **[sodanige werk, beroep of amp]** sy of haar ander aktiwiteite en sy of haar amp as raadslid teweeg **[sal]** bring nie."; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(7) Die bepalings van subartikel (6) is nie van toepassing nie op—

*(a)* 'n raadslid wat 'n amp beklee as 'n lid van 'n openbarebelangeorganisasie en gepaardgaande take verrig waarvoor 'n honorarium betaal word of betaalbaar is;

(*b*) any incidental gift received or derived by a councillor for attendance at any conference or public lecture; or

(*c*) any other work which reasonably may be considered to advance the work of the Authority,

but such appointment, office and honorarium, or gift must be disclosed in writing and recorded as provided for in sections 11B and 12(2).".

**Amendment of section 11 of Act 13 of 2000**

**9.** Section 11 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1)[*(a)*] Meetings of the Council must be held at least once a month at such times and places as the Council may determine.

**[*(b)* However, the first meeting must be held at such time and place as the chairperson determines.]**";

(*b*) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The quorum for any meeting of the Council is a majority of the councillors **[in office at the time]** presently serving as councillors, including the chairperson or an acting chairperson referred to in section 5(2)."; and

(*c*) by the addition of the following subsection:

"(5) The chief executive officer of the Authority must be invited to attend any meeting of the Council and may speak at any such meeting on any matter, which must be minuted, but he or she does not have a right to vote at a meeting.".

**Amendment of section 11A of Act 13 of 2000, as inserted by section 13 of Act 3 of 2006**

**10.** Section 11A of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsections:

"(3) The minutes, contemplated in subsection (2), must be signed, confirmed and published on the Authority's website and made available in its library within 30 days of the conclusion of the meeting, but any information determined to be confidential in terms of section 4D must be removed prior to such publication or availability.".

**Insertion of section 11B into Act 13 of 2000**

**11.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 11A:

"**Code of Ethics**

**11B.** (1) The Authority must, within 180 days of the date of the commencement of section 11 of the Independent Communications Authority of South Africa Amendment Act, 2014, publish and make publicly available on its website and in its library, a Code of Ethics, which addresses, amongst others, the processes for the disclosure required by sections 7(7) and 12(2), and which specifies the governance principles according to which the Authority or the Council functions, including, amongst others—

(*a*) principles of mutual respect and collective responsibility;

(*b*) a requirement that the Council will, at all relevant times or places, have all relevant information necessary to make an informed decision, taking account of all relevant facts at its disposal; and

(*c*) a commitment by the Council to conduct the affairs of the Authority in accordance with the highest level of corporate governance, including professionalism and integrity.

(2) All councillors and the chief executive officer must adhere to and comply with the requirements of the Code of Ethics and must, amongst others, disclose in writing any interest, financial or otherwise, direct or

(*b*) enige insidentele geskenk deur 'n raadslid ontvang of ontleen vir bywoning van enige konferensie of openbare lesing; of

(*c*) enige ander werk wat redelik geag kan word die werk van die Owerheid te bevorder,

maar sodanige aanstelling, amp en honorarium, of geskenk moet skriftelik bekend gemaak word en aangeteken word soos in artikel 11B en 12(2) voor voorsiening gemaak.".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 13 van 2000**

**9.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1)**[*(a)*]** Vergaderings van die Raad word ten minste een keer 'n maand gehou op die tye en plekke wat die Raad bepaal.

**[*(b)* Die eerste vergadering word egter op die tyd en plek gehou wat die voorsitter bepaal.]**";

(*b*) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die kworum vir enige vergadering van die Raad is 'n meerderheid van die raadslede wat **[op daardie tydstip die amp beklee]** wat tans as raadslede dien, met inbegrip van die voorsitter of 'n waarnemende voorsitter in artikel 5(2) bedoel."; en

(*c*) deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) Die hoof- uitvoerende beampte van die Owerheid moet genooi word om enige vergadering van die Raad by te woon en kan by enige sodanige vergadering oor enige aangeleentheid praat, wat genotuleer moet word, maar hy of sy het nie stemreg by 'n vergadering nie.".

**Wysiging van artikel 11A van Wet 13 van 2000, soos ingevoeg deur artikel 13 van Wet 3 van 2006**

**10.** Artikel 11A van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

"(3) Die notule in subartikel (2) beoog, moet onderteken, bevestig en op die Owerheid se webtuiste gepubliseer word en in sy biblioteek beskikbaar gestel word binne 30 dae na die afsluiting van die vergadering, maar enige inligting wat ingevolge artikel 4D vertroulik bepaal is, moet voor sodanige publikasie of beskikbaarstelling, verwyder word.".

**Invoeging van artikel 11B in Wet 13 van 2000**

**11.** Die volgende artikel word hierby na artikel 11A in die Hoofwet ingevoeg:

"**Etiese kode**

**11B.** (1) Die Owerheid moet, binne 180 dae na die inwerkingtreding van artikel 11 van die Wysigingswet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid, 2014, 'n Etiese Kode publiseer en publiek beskikbaar stel op sy webtuiste en in sy biblioteek, welke Etiese Kode, onder andere, die prosesse vir die bekendmaking deur artikel 7(7) en artikel 12(2) vereis hanteer, en wat die beheerbeginsels bepaal waarvolgens die Owerheid of die Raad funksioneer, met inbegrip van, onder andere—

(*a*) beginsels van wedersydse respek en kollektiewe verantwoordelikheid;

(*b*) 'n vereiste dat die Raad, te alle tersaaklike tye of plekke, al die tersaaklike inligting sal hê wat nodig is om 'n ingeligte besluit te neem, met inagneming van al die tersaaklike feite wat tot sy beskikking is; en

(*c*) 'n verbintenis deur die Raad om die sake van die Owerheid ooreenkomstig die hoogste vlak van korporatiewe beheer, met inbegrip van professionaliteit en integriteit, te voer.

(2) Alle raadslede en die hoof- uitvoerende beampte moet hou by en voldoen aan die vereistes van die Etiese Kode en moet, onder andere, enige belang, hetsy finansieel of andersins, direk of indirek, skriftelik aan die

